

Vermoedelike nagmaakte skoene beslaglegging ter waarde van R3 miljoen

Tshwane, 21 Desember 2022 - Doeane-beamptes van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het die afgelope week beslaggelê op vermoedelike nagmaakte skoene (tekkies en sandale) met 'n geskatte waarde van R3 miljoen.

Doeane se honde-eenheid (DDU), by die Lebombo-grenspos met Mosambiek, het 'n trok met twee sleepwaens, wat Suid-Afrika binnegekam het, deursoek. Die DDU het 5 237 pare skoene en sandale, met verskeie handelsmerke (moontlik nagmaak), gevind. Die items is agter in die trok se sleepwaens gevind.

Die skoene is oorhandig aan die Suid-Afrikaanse Doeane se staatspakhuis vir verdere prosessering en skakeling met die toepaslike handelsmerkhouders vir bevestiging van outentisiteit van die items.

SARS-kommissaris Edward Kieswetter het die doeane-beamptes en die DDU geloof vir hul paraatheid in die voorkoming van onwettige en nagmaakte goedere wat die land binnekom. "Die wettige produksie van klerasie en tekstiel in die land moet ondersteun word, en SARS het weereens gewys dat hulle hul deel doen om industriële groei en werkskepping te koester".

Mnr. Kieswetter het bygevoeg dat SARS vasberade is om betekenis te gee aan sy strategiese oogmerk wat behels om die duur en moeilik te maak vir enige persoon wat die wet oortree. "Terwyl ons dit maklik en eenvoudig maak vir mense om nakomend te wees, sal ons nie kriminele en sindikate verdra wat die ekonomiese welvaart van ons land en die welstand van ons burgers belemmer nie."

Vir meer inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za.

